

072697

Su
pr
va
'n



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1989 -04- 25

15/11/95

Tang 23/11/95

TERUG



182571798F

1179*1085

00016005009



001.3072068 HSRC IGN 1



* 1 6 8 5 8 0 *

IGN-Bronnestudie 1

Suid-Afrikaanse verhandelinge en proefskrifte oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog: 'n bronnestudie

André Wessels

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1987

RGN

BRONNENSTUDIE
LIBRARY

HSRC

1987 -12-10

STANDKODE

001.3072068

HSRC IGN 1

BESTELNOMMER

R10

REGISTERNOMMER

072697

André Wessels, M.A., D.Phil.

Afdeling Toegepaste Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Uitvoerende Direkteur: Dr. A.G. Oberholster

ISBN 0 7969 0558 4

IGN-Bronnestudie 1

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987

Gedruk en uitgegee deur die RGN
Pretoriusstraat 134, Pretoria

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

VOORWOORD	v
ABSTRACT/EKSERP	vi
1. INLEIDING	1
2. DIE KEUSE VAN TOEPASLIKE TESISSE	2
3. ONTLEDING	12
3.1 ONDERWERPE	13
3.2 UNIVERSITEITE EN STUDIELEIERS	16
3.3 GETAL GRADE PER JAAR	16
4. DIE PUBLIKASIE VAN TESISSE	17
5. TERREINE WAT NOG BRAAK LÊ	19
6. BESLUIT	21
VOETNOTE	22
BYLAE I: SUID-AFRIKAANSE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE OOR DIE GESKIEDENIS VAN DIE ANGLO-BOEREORLOG	26
BYLAE II: VOORBEELDE VAN PROEFSKRIFTE WAT IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA OOR DIE ANGLO-BOEREORLOG VOLTOOI IS	32
FIGUUR I: GETAL TESISSE PER UNIVERSITEIT	33

VOORWOORD

Die gedagte om 'n bronnestudie van Suid-Afrikaanse verhandelinge en proefskrifte oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog aan te pak, het ontstaan tydens die navorsing vir en skryf van die skrywer se doktorale proefskrif, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase* (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986). Uit genoemde navorsing het dit enersyds geblyk dat in die verlede reeds heelwat tesisse oor die Anglo-Boereoorlog voltooi is, maar dat daar andersyds ook nog terreine is wat braak lê. Die hoop word uitgespreek dat hierdie verslag voornemende nagraadse studente met 'n belangstelling in krygsgeskiedenis sal aanspoor om oor die Anglo-Boereoorlog navorsing te doen, en ook aan hulle rigting sal gee ten opsigte van die keuse van 'n onderwerp.

Hoewel moeite gedoen is om 'n lys saam te stel van alle tesisse wat oor die Anglo-Boereoorlog handel en waarvoor grade voor die einde van 1986 toegeken is, verneem die skrywer graag van enige leemtes wat in hierdie verband opgespoor word.

Opregte dank is aan die volgende persone verskuldig: mnr. A.P. Smit, waarnemende hoof van die Afdeling toegepaste Geskiedenisnavorsing, vir sy volgehoue belangstelling, leiding en advies; prof. M.C.E. van Schoor vir sy advies; en aan mev. M.M. Openshaw vir die tik van die manuskrip.

ANDRÉ WESSELS

Pretoria

1987

ABSTRACT

Between 1929 and the end of 1986 South African universities awarded 39 M.A. degrees and seventeen doctorates on theses dealing exclusively with the history of the Anglo-Boer War. Forty-seven of these theses are in Afrikaans and nine in English, the majority (nineteen theses) having been submitted by University of Pretoria students. The fifty-six theses deal with a variety of aspects of the war, for example events on a tactical and strategic level, the role of non-combatants, Boer commanders, regimental histories, peace negotiations, and the role of and conditions in certain cities during the war. However, many areas still lie fallow and some of the aspects which must still be researched have been identified in this report. It was found that still too many research findings have, relatively speaking, been forgotten because only sixteen theses on which degrees have until now been awarded have been published - six of which in the *Archives year book for South African history*.

EKSERP

Van 1929 tot aan die einde van 1986 het Suid-Afrikaanse universiteite 39 M.A.- en sewentien doktorsgrade toegeken op grond van tesse wat uitsluitlik oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog handel. Van hierdie tesse is 47 in Afrikaans geskryf en nege in Engels. Studente van die Universiteit van Pretoria het tot dusver die meeste oor die oorlog geskryf (negentien tesse). Die 56 tesse handel oor 'n verskeidenheid aspekte van die oorlog, byvoorbeeld gebeure op taktiese en strategiese vlak, die rol van die nie-vegendes, Boerebevelvoerders, regimentsgeskiedenis, vredesonderhandelinge en die rol van en toestande in bepaalde stede tydens die oorlog. Talle terreine lê egter nog braak, en sommige onderwerpe waaroor nog navorsing gedoen kan word, word in hierdie verslag geïdentifiseer. Daar is bevind dat nog te veel navorsingsbevindings oor die oorlog relatief gesproke vergete is, want slegs ses van die tesse waarvoor tot dusver grade toegeken is, is gepubliseer, waarvan ses in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*.

1. INLEIDING

Die Anglo-Boereoorlog¹ (1899-1902) was die bloedigste en omvangrykste oorlog tussen blankes in Suidelike Afrika. Wat ongevalle betref, word dit waarskynlik net deur die Mfecane of verwoestende uitwissingsoorloë oortref wat gedurende die eerste deel van die negentiende eeu tussen verskillende swart stamme gewoed het.

Sedert die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog op 31 Mei 1902 het 'n magdom van boeke, artikels, verhandelinge en proefskrifte in sowel Suid-Afrika as in die buiteland oor die oorlog verskyn. Die oorlog het die verbeelding van soveel mense in die buiteland aangegryp en die behoefte om meer oor die stryd te wete te kom, was so groot dat 'n aantal sekondêre werke reeds vóór die vredesluiting die lig gesien het. Die bekendste van hierdie werke sluit in Conan Doyle se *The great Boer War* (oorspronklike uitgawe 1900), Danes se *Cassell's history of the Boer War* (1901) en Penning se *De oorlog in Zuid-Afrika*, deel I (1899) en deel II (1901). Die oorlog het ook gou die aandag van studente getrek, en reeds in 1908 het R.G. Campbell die Ph.D.-graad aan The Johns Hopkins University in die Verenigde State van Amerika verwerf met 'n proefskrif getiteld *Neutral rights and obligations in the Anglo-Boer War*.

In Suid-Afrika was C.J. Scheepers Strydom sover vasgestel kon word die eerste persoon om nagraadse kwalifikasies te verwerf met tesse wat oor die Anglo-Boereoorlog handel.² In die volgende meer as drie dekades daarna het slegs enkele verdere studies oor die oorlog gevolg, en dit was eers van die middel van die jare sestig dat die Anglo-Boereoorlog as studie-onderwerp al hoe meer belangstelling gewek het.

Die doel van hierdie verslag kan as volg saamgevat word:

- (a) om vas te stel hoeveel M.A.- en doktorsgrade tot op 31 Desember 1986 deur Suid-Afrikaanse universiteite toegeken is op grond van verhandelinge en proefskrifte wat oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog handel;

- (b) soveel moontlik statistiese gegewens rakende genoemde tesse te versamel;
- (c) te bepaal watter aspekte van die Anglo-Boereoorlog reeds nagevors is; en
- (d) waar moontlik aan te dui watter terreine nog braak lê.

2. DIE KEUSE VAN TOEPASLIKE TESSISSE

'n Aantal tesse oor die Anglo-Boereoorlog is al deur studente aan oorsese universiteite voltooi, byvoorbeeld in die Verenigde Koninkryk,³ die V.S.A.,⁴ Nederland⁵ en Duitsland.⁶ Vir die doel van hierdie verslag word egter volstaan met 'n studie van tesse waarvoor tot 31 Desember 1986 in Suid-Afrika grade ontvang is. As studie-owerwerp is die Anglo-Boereoorlog nie slegs tot geskiedenis as vakwetenskap beperk nie,⁷ maar in hierdie verslag word slegs dié tesse in oënskou geneem wat in Geskiedenisdepartemente vir meesters- of doktorsgrade voorgelê is.

Ten minste 83 verhandelinge en 45 proefskrifte is opgespoor wat op een of ander wyse met die Anglo-Boereoorlog te make het. Talle van hierdie 128 tesse sny die oorlog egter slegs deels aan; met ander woorde slegs een of enkele hoofstukke handel oor die oorlog, of so nie word daar slegs terloops na die oorlog verwys. Indien die oorlog in al sy fasette bestudeer word, sal baie van hierdie studies met vrug geraadpleeg kan word, maar vir die doel van hierdie verslag word slegs die 56 tesse wat direk en in hul geheel met die oorlog te make het, bestudeer.⁸ Vier ander tesse wat wel grootliks met die oorlog te make het, word weggelaat. Hulle is:

BRIDGES, B.J. *New South Wales and the Anglo-Boer War 1899-1902*. D. Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1982.

ESTERHUIZEN, S.J. *Die ekonomiese rehabilitasiepogings gedurende en onmiddellik na die Tweede Vryheidsoorlog ter opheffing van die Transvaalse burgers*. M.A., Universiteit van Pretoria, 1952.

GRUNDLINGH, A.M. *Die Vrystaatse en Transvaalse burgers wat die republikeinse oorlogspoging vanaf 1900 versaaak het: hulle rol en posisie gedurende die tydperk 1900 tot 1907.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1977. (Gepubliseer: *Die "hendsoppers" en "joiners": die rasionaal en verskynsel van verraad.* Pretoria: HAUM, 1979.)

STEMMET, F.J. *Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog.* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1973. (Hoofstuk I gepubliseer in M.C.E. VAN SCHOOR (red.), *Christiaan de Wet-annale 3*, Okt. 1975, pp. 106-122.)

Bridges se proefskrif handel naamlik in die eerste plek oor Nieu-Suid-Wallis in Australië, Esterhuizen en Grundlingh se verhandelinge speel af deels in die oorlog maar ook deels na die oorlog (dit wil sê vorm ook deel van die afloop), en Stemmet se verhandeling handel oor werke wat óór die oorlog geskryf is.

Die oorsake van en aanloop tot die Anglo-Boereoorlog kan ten minste tot by die Jameson-inval (1895-1896) teruggevoer word, hoewel met goeie reg ook nog veel vroeër. Tesisse wat oor die aanloop tot die oorlog handel, is nie in berekening gebring nie. Voorbeelde van sulke tesisse (Jameson-inval en vroeëre oorsake uitgesonder) is:

BOLTMAN, J.C. *In how far was the quarrel between Sir Alfred Milner and the Pretoria government on the franchise question the real cause of the South African War of 1899-1902?* M.A., Universiteit van Kaapstad, 1943.

BREYTENBACH, J.H. *Die diplomatieke voorspel tot die Tweede Vryheidsoorlog.* D.Phil., Universiteit van Stellenbosch, 1944.

CARROLL, F.R. *The growth and coordination of pro-war sentiment in Natal before the Second Anglo-Boer War.* M.A., Universiteit van Natal, 1982.

COETSEE, A.G. *Die beleid van president Kruger (1897-1899) met betrekking tot die onafhanklikheid van Transvaal.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1940.

HUGO, M.J. *Die Kruger-ultimatum: vier maande van spanning.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1943.

SCHOEMAN, J.M. *Koerantberiggewing oor die krisisdag 25 September tot 20 Oktober 1899 - 'n kritiese metodologiese studie.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1973.

STRAUSS, S. *Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog: 'n kritiese en metodologiese analise.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1965.

TÖNSING, E.H. *Die eerste fase van die stryd tussen Kruger en Milner.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1947.

'n Aantal tesse het slegs deels met die aanloop tot die oorlog te make, byvoorbeeld:

HUGO, M.J. *Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1946. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*⁹ 10, 1947.)

PRINSLOO, D. *Die beoordeling in die Britse pers van sake in die Suid-Afrikaanse Republiek 1896-1899.* M.A., Randse Afrikaanse Universiteit, 1971.

VAN DER WALT, H.R. *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899).* D. Litt., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1962. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 26(1), 1963.)

Tesse wat oor die gevolge of afloop van die oorlog handel, is ook nie berekening gebring nie, byvoorbeeld:

KRIEL, J.D. *Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog. 'n Studie in altruïsme en pasifisme.* D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1957.

VAN RENSBURG, A.P.J. *Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907.* D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1965. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 30(2), 1967.)

WEIDEMAN, N.C. *Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1955.

'n Aantal tesse het slegs deels met die afloop van die oorlog te make, byvoorbeeld:

CHANGUION, L.J.S. *Die verhuising van Boere na Oos-Afrika 1902-1914.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1976.

ESTERHUIZEN, S.J. *Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-Kolonie, 1900-1910.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1966.

SCHUTTE, P.M.B. *Die verhouding tussen Boer en Brit in Transvaal, 1902-1910.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1980.

'n Verdere twee tesse het slegs baie verlangs raakpunte met die afloop van die oorlog:

MARAIS, A.H. *Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie 1902-1912.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1967. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 33(2), 1970.)

MAWBY, A.A. *The political behaviour of the British population of the Transvaal, 1902-1907.* Ph.D., Universiteit van die Witwatersrand, 1970.

Verhandelinge en proefskrifte van 'n biografiese aard - waarin met ander woorde die lewe en werk van byvoorbeeld 'n politieke of militêre

figuur bestudeer word - kom heelwat in die Suid-Afrikaanse historiografie voor. 'n Aantal persone oor wie al navorsing gedoen is, het onder meer ook in die Anglo-Boereoorlog 'n rol gespeel, al was dit dan slegs sydelings. Aangesien hierdie betrokke tesse nie uitsluitlik oor 'n persoon se rol in die Anglo-Boereoorlog handel nie, word hulle nie in hierdie verslag in berekening gebring nie. Voorbeelde van sulke tesse is:

DE WINTER, G.H.J. *Schalk Willem Burger: die laaste vise-president van die Suid-Afrikaanse Republiek*. M.A., Potchefstroomse Universiteitskollege, 1948.

DUMINY, A.H. *The political career of Sir Percy Fitzpatrick, 1895-1906*. Ph.D., Universiteit van Natal, 1974.

JACOBS, D.S. *Abraham Fischer in sy tydperk (1850-1913)*. D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1960. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 28(2), 1965.)

JORDAAN, S.P. *Die rol van dr. J.D. Kestell in die Oranje-Vrystaat tot 1912*. M.A., Universiteit van Pretoria, 1977.

LE ROUX, C.J.P. *Sir Hamilton John Goold-Adams se rol in die Oranjerivier-Kolonie 1901-1910*. M.A., Randse Afrikaanse Universiteit, 1978. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 47(2), 1984.)

MALAN, S.F. *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*. M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1971. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 37, 1974.)

MEIJER, J.W. *Dr. H.J. Coster, 1865-1899*. M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1984.

MOUTON, J.A. *Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis*. D.Phil., Universiteit van Stellenbosch, 1949. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 19(1), 1954.)

seer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 20(1), 1957.)

ODENDAAL, S.J. *Die mediese rol van dr. A.E.W. Ramsbottom voor, tydens en onmiddellik na die Anglo-Boereoorlog in die Oranje-Vrystaat*. M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

VAN COLLER, H.P. *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*. D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1946.

VAN NIEKERK, L.E. *Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaanschè Republiek*. D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1973. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 43(1), 1980.)

Aangesien streekgeskiedenis - waarby inbegrepe is stedelike geskiedenis, plaaslike of dorpsgeskiedenis en landelike geskiedenis - 'n komplekse en kaleidoskopiese aard het en 'n historiese deeldisipline is wat elke aspek van die mens se bedrywighede omvat,¹⁰ is dit vanselfsprekend dat dit soms ook militêre geskiedenis aansny. 'n Hele aantal verhandelinge en proefskrifte wat oor dorpe en stede handel, het tot dusver in Suid-Afrika die lig gesien, en in sommige van hulle word pertinent na die Anglo-Boereoorlog verwys. Uiteraard handel hierdie tesse nie uitsluitlik oor die Anglo-Boereoorlog nie en kan hulle dus ook nie in hierdie analise in berekening gebring word nie, maar volledigheidshalwe word die volgende voorbeelde genoem:

BOOYSEN, B.F. *'n Geskiedenis van Jansenville - dorp en distrik - 1855 tot 1955*. M.A., Universiteit van Port Elizabeth, 1986.

COETZER, J.S. *Die geskiedenis van Wolmaransstad tot met Uniewording 1910*. M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1986.

DU PLESSIS, L.H. *Die geskiedenis van Vryburg-dorp en -distrik, 1882-1920*. M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1983.

- KOEN, H.B. *Die geskiedenis van Reitz en distrik tot 1910.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1980.
- NÖTHLING, F.J. *Die ontstaansgeskiedenis van Brakpan 1964-1922.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1970.
- OPPERMAN, J.D.R. *Die geskiedenis van Ermelo vanaf sy stigting (1860) tot 1902.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1948.
- PEACOCK, R. *Die geskiedenis van Pretoria, 1855-1902.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1955.
- POTGIETER, A.J. *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg 1900-1910.* M.A., Randse Afrikaanse Universiteit, 1976.
- PRETORIUS, P.J.V.E. *Die ontwikkeling van die Johannesburgse munisipale bestuur tot omstreeks 1910.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1949.
- PRETORIUS, Z.L. *Die geskiedenis van Rustenburg 1851-1918.* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1968.
- SCHOLTZ, P.L. *Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier 1660-1902 ('n geskiedenis van die distrik Vanrhynsdorp).* D.Litt./et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1964. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 29(2), 1966.)
- SCHUTTE, M.A. *Die geskiedenis van Krugersdorp 1887-1900.* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1977.
- SMITH, K.W. *From frontier to midlands. A history of Graaff-Reinet district, 1786-1910.* Ph.D., Rhodes-Universiteit, 1975. (Gepubliseer as Geleentheidspublikasie 20 van die Rhodes-Universiteit se Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, 1976.)

SNYMAN, P.H.R. *Postmasburg - die eerste honderd jaar*. M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1984. (Gedeelte oor die Anglo-Boereoorlog in verwerkte vorm gepubliseer in *Krygshistoriese Tydskrif* 6(6), Des. 1985, pp. 204-208.)

STANDER, H. *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 1882-1912*. M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1946.

VENTER, W.H. *Die geskiedenis van Winburg tot 1902*. M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975.

Afgesien van die reeds genoemde tesse, is daar ook nog 'n hele aantal ander verhandelinge en proefskrifte wat of deels oor die Anglo-Boereoorlog handel of waarin daar meer indirek na die oorlog verwys word. Tesse wat deels oor die oorlog handel, sluit in:

ACKERMANN, P.C.M. *Aardrykskundige invloede in die stryd tussen Brittanje en die Boererepublieke met besondere verwysing na die Tweede Vryheidsoorlog*. D.Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1957.

DAVEY, A.M. *The British pro-Boers, 1877-1902*. D. Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1977. (Gepubliseer: Titel dieselfde. Kaapstad: Tafelberg, 1978.)

ELOFF, C.C. *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1884-1902: 'n verhoudingstudie*. D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1982. (Gepubliseer: Titel dieselfde. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984.)

HAUPT, D.J. *Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek*. M.A., Universiteit van Pretoria, 1947.

SWEMMER, T.P.E. *Die geskiedenis van die Vrystaatse Artillerie*. M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1953.

VAN HEYNINGEN, E. *The relations between Sir Alfred Milner and W.P. Schreiner's ministry, 1898-1900.* M.A., Universiteit van Kaapstad, 1972. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 39, 1976.)

In sestien tesisse figuur die Anglo-Boereoorlog baie sydelings:

BASSON, M.A. *Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 1836-1907.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1950. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 19(2), 1956.)

CILLIERS, J.H. *Die administrasie en benutting van Transvaalse kroongrond 1900-1906.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1979.

DU PLESSIS, J.S. *Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die Staatspresident in die Zuid-Afrikaanse Republiek (1858-1902).* D.Litt., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 18(1), 1955.)

FOURIE, J.J. *Die geskiedenis van die Afrikaners in Johannesburg, 1886-1900.* D.Litt. et Phil., Randse Afrikaanse Universiteit, 1977.

JACOBS, D.J. *Die ontwikkeling van landbou in die Vrystaat 1890-1910.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1980.

JONKER, E. *Ontstaan en ontwikkeling van die Transvaalse verdedigingsmag: 1900-1912.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1971.

KRUGER, J.H. *Die nouere verhouding tussen die republieke in die tyd van pres. Steyn.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1947.

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL**

NELL, P.R. *Die konsulére en diplomatieke verteenwoordiging van die Suid-Afrikaanse Republiek in die buiteland.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1945.

NGCONGO, L.D. *Imvo Zabantsundu and Cape "Native" policy, 1884-1902.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1975.

OBERHOLSTER, A.G. *Die sendingaktiwiteite van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tot 1910.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1971.

ODENDAAL, A. *The development of African organisational politics in South Africa, with particular emphasis on the response of Africans to the process of unification, 1899-1910.* M.A., Universiteit van Stellenbosch, 1981. (Gepubliseer: *Vukani Bantu! The beginnings of black protest politics in South Africa to 1910.* Kaapstad: David Phillip, 1984. Dieselfde boek is in 1984 deur Barnes and Noble Books in Totowa (New Jersey, V.S.A.) gepubliseer onder die titel *Black protest politics in South Africa to 1912.*)

PATERSON, H. *Military organisation of the Colony of Natal 1881-1910.* M.A., Universiteit van Natal, 1986.

PLOEGER, J. *Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900).* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1945. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 15(1), 1952.)

SMITH, A.J.C. *General elections in the Cape Colony 1898-1908.* M.A., Universiteit van Kaapstad, 1980.

VAN DEN BERGH, G.N. *Die polisdienste in die Zuid-Afrikaansche Republiek.* D.Litt., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1973. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 38, 1975.)

VAN HEERDEN, J.J. *Die Kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1950. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 27(2), 1964.)

Die bogenoemde tesisse is uiteraard nie in berekening gebring by die ontleding van verhandelinge en proefskrifte wat oor die Anglo-Boereoorlog handel nie. By die finale keuse van tesisse oor die oorlog, is besluit om te volstaan met dié wat oor die oorlog as sodanig handel of wat sake aansny wat direk met die oorlog te make het. 'n Aantal van die tesisse wat in die finale lys ingesluit is (kyk deurgaans bylae I), verdien egter wel nadere toeligting.

Die werke van Joubert, Roos, Theron en Van Vreden handel weliswaar telkens oor 'n stad, maar hulle word in berekening gebring op grond van die feit dat die tema direk met die Anglo-Boereoorlog in verband gebring kan word. Regimentsgeskiedenis is slegs ingesluit waar dié betrokke geskiedenis tot die rol van 'n bepaalde regiment of eenheid tydens die Anglo-Boereoorlog beperk word. Kyk byvoorbeeld die werke van Bridges en Grobler. Van Niekerk se studie oor Adolf Schiel en die Duitse Kommando word ingesluit op grond daarvan dat slegs 'n klein deel (23 bladsye) van die tesis biografies van aard is, terwyl die res (121 bladsye) regimentsgeskiedenis is. Hoewel die Kaapse rebelle eers in 1906 weer in ere herstel is, word Strydom se proefskrif wel ingesluit, want dit handel hoofsaaklik oor die Anglo-Boereoorlog.

Hoewel daar uiteraard meningsverskille mag bestaan oor die keuse van die toepaslike tesisse, word vir die doel van hierdie studie volstaan met die 56 verhandelinge en proefskrifte wat in bylae I opgeneem is.

3. ONTLEDING¹¹

Uit bylae I volg dit dat 56 geskiedenis-tesisse wat oor die Anglo-Boereoorlog handel, tot aan die einde van 1986 tot die verwerwing van óf 'n meesters- óf 'n doktorsgraad aan Suid-Afrikaanse universiteite gelei het. Hiervan is 39 (69,6%) meestersgrade en sewentien (30,4%) doktorsgrade. C.J. Scheepers Strydom se studie oor die verdediging van die noordwestelike grens van die Kaapkolonie tydens die Anglo-Boereoorlog was die eerste verhandeling oor die oorlog waarvoor 'n M.A.-graad

toegeken is (1929), en drie jaar later was Strydom ook die eerste persoon om te promoveer met die oorlog as studie-onderwerp, slegs ses jaar nadat dr. Coenraad Beyers die eerste persoon geword het om in geskiedenis aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit te promoveer.¹²

Interessant genoeg het Strydom sy graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal met 'n proefskrif wat in Afrikaans geskryf is. Die eerste M.A.-verhandeling in Engels oor die oorlog (dié van Therrode) het trouens eers in 1973 verskyn en die eerste proefskrif in Engels (dié van Spies) die jaar daarop. Tot dusver het 47 (83,9%) van die tesisse in Afrikaans verskyn (33 verhandelinge en veertien proefskrifte), en nege (16,1%) in Engels (ses verhandelinge en drie proefskrifte). Op een uitsondering na (S.J. Maphalala se verhandeling oor die rol van die Zoeloe tydens die oorlog) is al die tesisse deur blankes geskryf.

3.1 ONDERWERPE

Die 56 tesisse oor die Anglo-Boereoorlog handel oor 'n verskeidenheid aspekte van die oorlog. Elf verhandelinge en twee proefskrifte ('n totaal van dertien, oftewel 23,2% van die tesisse) handel oor gebeure op die vlak van die taktiek. Alle krygsbedrywighede op taktiese vlak het uiteraard in meerdere of mindere mate strategiese implikasies, maar vir die doel van hierdie studie word tesisse wat in die eerste plek op taktiek fokus, in hierdie groep geklassifiseer. Studies oor die beleëring, asook die effens moeilik klassifiseerbare studie van Broos, word gevolglik almal as in wese takties van aard geklassifiseer. Die genoemde dertien tesisse is dié van (die onderwerp waarvoor geskryf is, word tussen hakies geplaas, en daar word ook aangedui wanneer dit 'n doktorsale proefskrif is): Bakkes (Britse deurbraak Benede-Tugela: proefskrif), Basson (Paardeberg), H.J. Botha (Derdepoort), J.P. Botha (beleg van Mafeking: proefskrif), Breytenbach (Donkerhoek), Broos (Noord-Transvaalse front), Cilliers (Spioenkop), Erasmus (ineenstorting van Boere aan Natalse front), Mocke (Colenso), Pretorius (dryfjag op De Wet), Rabie (Sannaspos en Groenkop), Schultz (Bergendal) en Terblanche (beleg van Kimberley).

Nog net een studie wat as waarlik militêr-strategies van aard beskou kan word, het tot nog toe oor die oorlog verskyn, naamlik dié van Wessels (proefskrif oor die Britse militêre strategie tot en met die Buller-fase). Vier M.A.-verhandelinge kan as deels takties en deels strategies beskou word, naamlik dié van Bakkes (militêre situasie aan die Benede-Tugela op die vooraand van die Britse deurbraak by Pietershoogte), C.J.F. Botha (gevegsbedrywighede in Noordoos-Kaapland), Moore (genl. Botha se veldtog in Natal, 1901) en Strydom (verdediging van die noordwestelike grens van die Kaapkolonie). In totaal het dus agtien taktiese en strategiese studies, dit wil sê suiwer krygskundige werke, oor die oorlog verskyn: vyftien verhandelinge en drie proefskrifte.

Vyf tesisse, almal M.A.-verhandelinge, kan as regimentsgeskiedenis beskou word. Vier handel oor Boere-eenhede en een oor 'n Britse eenheid. Die studies is dié van Grobler (Carolina-kommando), Van Aardt (Krugersdorp-kommando), Van Dalsen (Hollanderkorps), Van Niekerk (Duitse Kommando) en Bridges (New South Wales Lancers). Hierdie regimentsgeskiedenis val uiteraard ook almal in die kader van krygsgeskiedenis, en sowel taktiek as strategie word dus aangesny.

Tot dusver is die rol van nie-vegtendes in ses tesisse beskryf. In sy proefskrif het S.P.R. Oosthuizen die beheer, behandeling en lewe van die Boerekrygsgevangenes beskryf, terwyl in drie werke na konsentrasiekampe gekyk is: Hattingh (Irenekonsentrasiekamp), Otto (konsentrasiekampstelsel in sy geheel: proefskrif) en Spies (Roberts en Kitchener se hantering van die republikeinse burgerlikes: proefskrif). Spies se werk strek uiteraard veel verder as net die konsentrasiekampe. In twee M.A.-verhandelinge is die rol van ambulanscorpse beskryf, naamlik dié van Ferreira (Nederlandse ambulanscorpse) en J.C. Roos (Het Transvaalsche Roode Kruis).

In die Suid-Afrikaanse historiografie kom talle voorbeelde voor van tesisse wat oor die lewe en werk van 'n bepaalde historiese figuur handel.¹³ Dit is gevolglik nie verbasend nie dat nege tesisse oor die Anglo-Boereoorlog oor die rol van 'n bepaalde militêre leier handel. Hierdie persone is (die outeur se naam verskyn tussen hakies) genl. Louis Botha: proefskrif (Barnard, wat weliswaar slegs 'n gedeelte van Botha se rol in die oorlog bestudeer), genl. Marthinus Prinsloo (Delport), genl. Manie Maritz (Fourie), genl. De Villebois-Mareuil: proef-

skrif (Macnab), genl. Koos de la Rey: proefskrif (J. Uosthūizēn), genl. Christiaan de Wet (Pienaar), genl. J.C. Smuts (Pyper), pres. M.T. Steyn (Visser) en genl. Piet Joubert: proefskrif (Vivier, wat weliswaar slegs Joubert se rol aan die Natalse front bestudeer). Al hierdie persone het aan Boerekant geveg. Macnab se proefskrif is die enigste van hierdie tesse wat in Engels geskryf is. Vanselfsprekend speel sowel taktiek as strategie in al die bogenoemde biografiese tesse 'n belangrike rol.

Du Preez se M.A.-verhandeling en proefskrif handel oor die vredesonderhandelinge. Drie tesse het met politieke of administratiewe onderwerpe te make, naamlik Buys se proefskrif oor die Britse militêre regering in Transvaal (1900-1902), Kruger se verhandeling oor die Britse militêre bewind in die Vrystaat (1900-1901) en Scholtz se verhandeling oor die betrekkings tussen die twee Boererepublieke tydens die oorlog. Die rol wat buitelandse moondhede ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog gespeel het, word ook in drie tesse uiteengesit, naamlik in dié van Changuion (Verenigde State van Amerika: proefskrif), Therode (Frankryk) en Zöllner (Duitsland). In laasgenoemde verhandeling gaan dit in besonder om die Duitse openbare mening soos weerspieël deur Duitse politieke tydskrifte en regeringsbeleid.

In een proefskrif (Cuthbertson) word godsdiens betrek en in een M.A.-verhandeling (Snyman) die militêre regsaspek. Vier tesse oor die oorlog vind aansluiting by streekgeskiedenis, meer bepaald by stedelike geskiedenis, want hulle handel elk oor die rol van of omstandighede in 'n stad tydens die oorlog. Kyk die werke van Joubert (Port Elizabeth), Roos (Johannesburg, 1899-1900: proefskrif), Theron (Pretoria, 1899-1900) en Van Vreden (Pretoria, 1899-1900). Ten slotte is daar nog vier tesse wat nie in enigeen van die reeds genoemde kategorieë inpas nie, naamlik Bothma se verhandeling oor die konsiliasiebeweging in die Kaapkolonie, Maphalala se verhandeling oor die Zoeloe se rol in die oorlog, Snyman se proefskrif oor die Afrikaner in Kaapland tydens die oorlog, en Strydom se proefskrif oor die Kaapkolonie se rol tydens die oorlog, met onder meer verwysings na die probleem van skadevergoeding en die posisie van die rebelle.

3.2 UNIVERSITEITE¹⁴ EN STUDIELEIERS

Van die 56 tésisse oor die Anglo-Boereoorlog is negentien (33,9%) tot dusver aan die Universiteit van Pretoria verwerf - vyftien verhandelinge en vier proefskrifte; dertien (23,2%) aan die Universiteit van Suid-Afrika - sewe verhandelinge en ses proefskrifte; nege (16,1%) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat - ses verhandelinge en drie proefskrifte; agt aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys - ses verhandelinge en twee proefskrifte; twee verhandelinge en een proefskrif aan die Universiteit van Kaapstad; een verhandeling aan die Randse Afrikaanse Universiteit; een verhandeling aan die Universiteit van Port Elizabeth; een proefskrif aan die Universiteit van die Witwatersrand en een verhandeling aan die Universiteit van Zoeloeland.

Die persoon onder wie se leiding die meeste tésisse oor die oorlog tot dusver voltooi is, is prof. M.C.E. van Schoor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, naamlik vyf verhandelinge en drie proefskrifte. Twee ander studieleiers verdien ook vermelding, naamlik prof. F.J. du T. Spies van die Universiteit van Pretoria met twee verhandelinge en drie proefskrifte en prof. J.S. du Plessis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys met drie verhandelinge en een proefskrif.

3.3 GETAL GRADE PER JAAR

Hoewel van 1929 (die jaar toe die eerste tésis oor die Anglo-Boereoorlog verskyn het) tot aan die einde van 1986 gemiddeld een graad per jaar toegeken is vir 'n tésis wat oor die oorlog handel, is in 27 jare géén en in twintig jare slegs een graad daarvoor toegeken. Die meeste grade wat tot dusver in een jaar toegeken is, was vyf (drie vir verhandelinge en twee vir proefskrifte) in 1974, terwyl in 1986 twee doktors- en twee M.A.-grade toegeken is en in 1973 en 1976 elk een doktorsgraad en drie M.A.-grade.

Anders as wat miskien verwag kon word, is daar 'n toenemende belangstellende in die Anglo-Boereoorlog. In die jare twintig is slegs een graad vir 'n tésis oor die oorlog toegeken, en so ook in die jare dertig. In die jare veertig is ses (een 'n doktorsgraad) toegeken, in

die jare vyftig sewe (twee doktorsgrade), in die jare sestig nege (twee doktorsgrade) en 21 in die jare sewentig (vyf doktorsgrade). In die eerste ses jaar van die jare tagtig is reeds elf (ses doktorsgrade) toegeken. Die dekade waarin die meeste grade toegeken is, strek van 1972 tot 1981.¹⁵ Vier en twintig grade (vir sewe proefskrifte en sewentien verhandelinge) is in hierdie tydperk toegeken. Sewentig persent van alle grade vir tesse wat oor die oorlog handel, is sedert 1966 toegeken.

Die rede vir die relatief laat belangstelling in die Anglo-Boereoorlog moet gesoek word in die feit dat toe nagraadse studie in geskiedenis die eerste keer in Suid-Afrika aangepak is - die eerste M.A.-grade is eers in 1923¹⁶ en die eerste doktorsgraad eers in 1926 toegeken - die swaartepunt by die suidelike universiteite soos die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Stellenbosch gelê het en die studente uiteraard geneig was om by die begin van die blanke beskawingsgeskiedenis te begin; met ander woorde by die Kompanjiestyd. Met verloop van tyd is ook al hoe meer oor die Groot Trek en ander gebeure van die negentiende eeu geskryf. Hierdie neiging het tot die jare vyftig voortgeduur. Teen die tyd dat al hoe meer studente hulle in die jare sestig en veral in die jare sewentig tot die bestudering van die Anglo-Boereoorlog begin wend het, het geeneen van die oorlog se generaals nog gelewe nie en ook nie meer baie persone wat die oorlog meegemaak het en met wie onderhoude gevoer kon word nie. Mondelinge getuienis speel naamlik 'n belangrike rol in die rekonstruering van veral die Boere se optrede, aangesien nie veel argivale bronne oor die Boere se bedrywighede beskikbaar is nie, en veral nie oor die guerrilla-fase nie. Dit is dan moontlik ook 'n rede waarom daar relatief gesproke nog nie soveel tesse as wat miskien verwag kon word, oor die oorlog verskyn het nie.¹⁷

4. DIE PUBLIKASIE VAN TESSISSE

Van die 39 verhandelinge oor die Anglo-Boereoorlog is nege (23,1%) tot dusver gepubliseer, en sewe (41,2%) van die sewentien proefskrifte.¹⁸ Sestien (28,6%) van die 56 tesse oor die oorlog het dus in geheel in gepubliseerde vorm die lig gesien. Vyf van die nege gepubliseerde verhandelinge en een van die sewe gepubliseerde proefskrifte het

in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* verskyn, met ander woorde 37,5% van die sestien gepubliseerde tesisse.

Met die uitsondering van H.J. Botha se verhandeling wat in die tydskrif *Militaria* gepubliseer is, het al die ander gepubliseerde tesisse in boekvorm die lig gesien. Strydom se proefskrif is die enigste van die gepubliseerde tesisse wat in 'n heeltemal verwerkte vorm gepubliseer is. Slegs Macnab se proefskrif het sowel in die oorspronklike Engelse vorm asook in 'n vertaalde vorm verskyn.

Van die 72 ander tesisse wat die oorlog in meerdere of mindere mate aansny,¹⁹ is 21 (29,2%) in hul geheel gepubliseer; sestien in die *Argiefjaarboek*.

Nagraadse studie behoort nie bloot onderneem te word ten einde nog 'n kwalifikasie te verwerf nie, maar moet ook daarop gemik wees om (wat betref die geskiedeniswetenskap) 'n stuk geskiedenis-as-verledewerklikheid te rekonstrueer en te interpreteer, nuwe kennis en insigte te verwerf en dit bekend te stel sodat die historiese debat gestimuleer kan word. Dit is dus jammer dat relatief min tesisse oor die Anglo-Boereoorlog in gepubliseerde vorm die lig gesien het. Die Staatsargiefdiens verdien groot lof dat hulle sedert 1938 tesisse in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* publiseer. Die oplaag en verspreiding is egter beperk,²⁰ en dit is te betwyfel of belangstellendes onder die algemene publiek altyd van hierdie publikasiereeks bewus is.

Die belangstellende man op straat soek waarskynlik eerder 'n meer populêre boek en dus ook nie een wat te veel uiterlike tekens van harde wetenskaplike arbeid vertoon nie. Hoe wetenskaplik 'n stuk navorsing ookal is, dit het min betekenis vir die vak geskiedenis wanneer dit nie gelees word nie. Meer tesisse behoort dus, nadat dit vir graaddoeleindes aanvaar is, verwerk en gepopulariseer te word, ten einde dit vir Jan Alleman in 'n toegankliker vorm aan te bied. Om selfs 'n gepopulariseerde historiese werk in Suid-Afrika gepubliseer te kry, is egter ongelukkig ook makliker gesê as gedaan, soveel te meer wanneer dit 'n Afrikaanse manuskrip is.

In die lig van die belangstelling in die Engelssprekende wêreld vir die Anglo-Boereoorlog en die behoefte om oor die Boere se kant van die saak ingelig word te word,²¹ behoort outeurs die moontlikheid te oorweeg om tesse in populêr-wetenskaplike vorm in Engels aan onder meer internasionale uitgewers voor te lê. 'n Poging moet ten minste aangewend word om dele van studies in òf die oorspronklike òf verwerkte vorm in tydskrifte gepubliseer te kry. Naas wetenskaplike tydskrifte moet populêr-wetenskaplike en populêre tydskrifte ook genader word. Te veel navorsingsbevindings en inligting oor die Anglo-Boereoorlog lê nog half vergete weggepak op die rakke van veral universiteitsbiblioteke.

5. TERREINE WAT NOG BRAAK LÊ²²

Op taktiese vlak is daar 'n aantal onderwerpe waarvoor nog navorsing gedoen kan word. Hoewel dr. J.H. Breytenbach se reeks werke oor die Anglo-Boereoorlog nou reeds die stryd redelik volledig tot en met die Britse inname van Pretoria dek,²³ regverdig die volgende sake moontlik wel nadere toeligting: die aanloop tot die beleg van Ladysmith (met ander woorde die veldslae te Talana, Elandslaagte en Rietfontein en die Britse terugtog vanaf Dundee); die slag by Modderspruit (Lombardskop) en Nicholsonsnek (ook bekend as die slag by Ladysmith); die beleg van Ladysmith; die Boereveldtog in Suid-Natal (insluitende die slag by Willow Grange) en lord Roberts se opmars van Bloemfontein tot in Pretoria. Voorts: die gebruik van handwapens tydens die oorlog; die Britse verowering van die Oos- en Noord-Oos-Transvaal; die Kaapkolonie tot in die Brandwaterkom; die guerrilla-oorlog in die Vrystaat en die guerrilla-oorlog in Noord- en Noordoos-Transvaal. Na aanleiding van Rabie se verhandeling sal dit waarskynlik gepas wees om byvoorbeeld ook 'n studie aan te pak oor De la Rey se krygsleiding by Ysterspruit en Tweebosch (De Klipdrift). Ten opsigte van die guerrilla-fase van die stryd kan argivale bronne egter 'n probleem wees, want baie min sodanige bronne aan Boerekant het behoue gebly en dit is nie meer moontlik om enige verdere mondelinge getuennis in te win nie. Daar dien ook op gelet te word dat 'n groot hoeveelheid dokumente van die War Office Records tydens die Tweede Wêreldoorlog in 'n Duitse bom-aanval teen Londen vernietig is.²⁴

'n Aantal onderwerpe wat lê op die terrein van regimentsgeskiedenis verdien aandag, byvoorbeeld die rol van die Pretoria- en die Heidel-

bergkommando; die rol van die Transvaalse Staatsartillerie tydens die oorlog;²⁵ die rol van die twee Ierse brigades wat aan Boerekant geveg het; die rol van die Royal Field Artillery, Royal Horse Artillery en/of Royal Garrison Artillery en talle ander Britse eenhede.

Wat die nie-vegtendes betref, kan byvoorbeeld nog gekyk word na die rol van die Britse mediese en ambulansdiens en na die invloed wat die oorlog op swart burgerlikes gehad het, insluitende die konsentrasiekampe vir swartmense. Die rol wat sekere militêre leiers in die oorlog gespeel het, kan ook nog nagevors word. Aan Britse kant is daar byvoorbeeld die krygsmanskap van Methuen, French, Gatacré en White, en aan Boerekant byvoorbeeld Beyers en Kemp. Daar sou ook nog gekyk kon word na Louis Botha as guerrilla-bevelvoerder. Hoewel Peter Warwick met sy boek oor die rol wat swartmense tydens die oorlog gespeel het, 'n belangrike bydrae tot die historiografie oor die oorlog gelewer het,²⁶ behoort die rol wat bruinmense en Asiërs tydens die oorlog gespeel het of hul siening van die oorlog en die wyse waarop die oorlog hul geraak het, ook nog nagevors te word. Meer swart, bruin en Asiërstudente behoort ook aangemoedig te word om oor die oorlog te werk.

Sekere van die onderwerpe waaraan aandag geskenk kan word, handel slegs deels oor die oorlog. In die toekoms sal waarskynlik nog baie streek-historiese studies aangepak word, en dan moet sorg gedra word om ook die invloed van die Anglo-Boereoorlog op 'n bepaalde gebied of plaaslike gemeenskap te bepaal. Ander onderwerpe wat die oorlog aansny en waaroor tot nog toe nog nie navorsing gedoen is nie, sluit die volgende in: die ekonomiese opbou van Transvaal na die oorlog; die invloed wat die oorlog op die verhouding tussen wit en swart in Suid-Afrika gehad het; en die mate waarin en wyse waarop die oorlog in die oorsese pers gefigureer het en hanteer is, byvoorbeeld in Australië, Kanada en die Verenigde State van Amerika.

In die gang van die hoofstroom van die geskiedenis is een van die belangrikste vrae waarskynlik in watter mate gemeenskappe, volke en nasies byvoorbeeld deur 'n oorlog verander word. Aangesien die meeste tesse oor die Anglo-Boereoorlog tot dusver oor hierdie oorlog as oorlog handel, het dit beslis tyd geword dat ook gekyk moet word op

welke wyse hierdie ingrypende oorlog 'n instrument van kulturele en maatskaplike verandering was.

Heelwat is al oor die Anglo-Boereoorlog geskryf, maar talle terreine lê ook nog braak. Hopelik sal die historiese debat rondom die oorlog nog lank lewendig bly.

6. BESLUIT

Meer as 80 jaar na die beëindiging van vyandelikhede gryp die Anglo-Boereoorlog steeds mense se verbeelding aan. Die feit dat talle werke oor die oorlog die afgelope dekade in sowel Suid-Afrika as in die buiteland die lig gesien het,²⁷ dui daarop dat daar steeds belangstelling daarin is. Slegs 'n klein persentasie van die werke oor die oorlog spruit egter voort uit nagraadse studie.²⁸ Indien soveel navorsers en skrywers bereid is om onafhanklik van studie-oorweegredes navorsing oor die oorlog aan te pak, hoeveel te meer behoort studente nie onderwerpe oor hierdie oorlogstema vir nagraadse studie te oorweeg nie. Hopelik sal meer van hierdie tesse in die toekoms ook in gepubliseerde vorm die lig sien.

1. Die Anglo-Boereoorlog staan ook bekend as die Tweede Vryheidsoorlog, Boereoorlog, Engelse Oorlog, Suid-Afrikaanse Oorlog of Driejarige Oorlog. Die eerste drie benaminge is óf vanuit Britse óf vanuit Boereogpunt gesien, ietwat bevooroordeeld, terwyl laasgenoemde twee benaminge nie baie beskrywend is nie. Die mees beskrywende, mins omstrede benaming *Anglo-Boereoorlog* word gevolglik deurgaans in hierdie verslag gebruik. Soms word in bronne na die *Tweede Anglo-Boereoorlog* verwys, ter onderskeiding van die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880 tot 1881 wat dan die *Eerste Anglo-Boereoorlog* was. Laasgenoemde konflik, ook genoem die *Eerste Vryheidsoorlog*, *Transvaalse Opstand* of *Transvaalse Rebelle*, het egter nie beide die Boererepublieke aktief militêr betrek nie, en dit wil dus voorkom of *Transvaalse Vryheidsoorlog (1880-1881)* vir dié stryd die geskikste benaming is, en die benaming *Anglo-Boereoorlog* derhalwe uitsluitlik vir die oorlog van 1899 tot 1902 gebruik moet word. A. WESSELS, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, p. xiv.
2. M.A.-graad in 1929 aan die Universiteit van Suid-Afrika met 'n verhandeling getiteld *Die verdediging van die noordwestelike grens van die Kolonie* en 'n Ph.D.-graad in 1932 aan die Universiteit van Kaapstad met 'n proefskrif getiteld *Die Kaapkolonie, 1899-1902: skadevergoeding en die rebelle in ere herstel*.
3. Dit was ongelukkig nie moontlik om 'n volledige lys saam te stel van alle tesse wat al in Brittanje oor die oorlog voltooi is nie, maar dit wil voorkom of nie soveel navorsing as wat verwag sou word, al oor die oorlog gedoen is nie. Terwyl in die jare 1948-1986 vyftig grade vir tesse oor die oorlog in Suid-Afrika toegeken is (kyk tabel 1), is in Brittanje blykbaar slegs twee toegeken, naamlik aan A.H. Page vir die D.Phil.-proefskrif *The supply services of the British Army in the South African War, 1899-1902* (Oxford, 1977) en aan E.M. Schlosser vir die M.Litt.-verhandeling *America and the Boer War* (Oxford, 1986). Kyk UNIVERSITY OF LONDON, Institute for Historical Research, *Historical research for university degrees in the United Kingdom, Lists 9-47*.

4. Kyk bylae II.
5. W.L. von R. Scholtz het byvoorbeeld in 1978 'n D.Litt.-graad aan die Universiteit van Leiden verwerf met 'n proefskrif getiteld *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*.
6. Ulrich Kröll se proefskrif oor die houding van die Duitse, Franse en Nederlandse regerings teenoor die Boere tydens die oorlog, waarmee hy in 1972 aan die Westfälischen Wilhelms-Universität te Münster gepromoveer het, is in 1973 in München gepubliseer onder die titel *Die internationale Buren-Agitation 1899-1902: Haltung der Öffentlichkeit und Agitation zugunsten der Buren in Deutschland, Frankreich und den Niederlanden während des Burenkrieges*.
7. Voorbeelde van tessesse wat of in hul geheel of deels oor die Anglo-Boereoorlog handel maar wat nie in Geskiedenisdepartemente voorgelê is nie, sluit die volgende in: K. RAUCH, *Die optrede en verantwoording van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met betrekking tot die Tweede Vryheidsoorlog* (M.Th., Departement Dogmatologiese Vakke, Universiteit van Stellenbosch, 1979); M.C. RICE, *From Dolly Gray to Sarie Marais - a survey of fiction in English concerning the first and second Anglo-Boer conflicts* (D. Litt. et Phil., Departement Engels, Randse Afrikaanse Universiteit, 1984); E.J. SMITH, *Oorlogsprediking gedurende die Anglo-Boereoorlog - 'n historiese oorsig* (M.Th., Departement Diakoniologiese Vakke, Universiteit van Stellenbosch, 1979); en M. VAN W. SMITH, *Drummer Hodge - a study of the poetry of the Anglo-Boer War* (Ph.D., Departement Engels, Rhodes-Universiteit, 1976).
8. Kyk bylae I. Let daarop dat die datums waarna in die bylaes en in die teks verwys word, nie die datum is wanneer die tesis voltooi is en dus die datum wat op die titelblad staan nie, maar die jaar waarin die graad aan die betrokke student toegeken is. In gevalle waar 'n tesis gepubliseer is, word aangedui waar en onder watter titel dit verskyn het.
9. Tot 1967 was die spelling *Argief-jaarboek*; daarna *Argiefjaarboek*. Ter wille van eenvormigheid word die laaste spelwyse deurgaans in hierdie verslag gebruik.

10. P.L. SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis - 'n fassinerende mikrokosmos*, p. 17.
11. Verwys deurgaans na bylae I en tabel I.
12. C. BEYERS, *Die Kaapse Patriotte, 1779-1791* (D.Phil., Universiteit van Stellenbosch, 1926).
13. Van die 687 geskiedenisestisisse waarvoor tot aan die einde van 1976 grade toegeken is, is 115 (16,7%) in 'n meerdere of mindere mate biografies van aard. Kyk M.C.E. VAN SCHOOR (red.) en I. BREDEKAMP (samesteller), *Lys van proefskrifte en verhandelinge vir geskiedenis (tot 1976)*.
14. Waar 'n universiteit voorheen onder 'n ander naam bekend gestaan het, word die huidige naam terugwerkend van toepassing gemaak, byvoorbeeld Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys i.p.v. Potchefstroomse Universiteitskollege. Kyk deurgaans ook figuur I.
15. Dieselfde statistiek geld ook vir die tydperk 1973 tot 1982.
16. S.P.F. JOUBERT, *Veehandel tussen die Hollanders en die Hottentotte aan die Kaap, 6 April 1652 - 8 Mei 1662* (M.A., Universiteit van Stellenbosch, 1923); D.D. MATHESON, *The origins and status of the New Republic* (M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1923); E.L.G. SCHNELL, *The coming of the German military settlers to the Cape of Good Hope, 1857* (M.A., Rhodes-Universiteit, 1923); en J.M.H. VILJOEN, *Transvaalse geskiedenis (1848-1853)* (M.A., Universiteit van Pretoria, 1923).
17. Onderhoud met prof. M.C.E. van Schoor, Bloemfontein, 1987.03.06.
18. Kyk deurgaans bylae I.
19. Kyk die onderwerpe genoem in onderafdeling 2 van hierdie verslag.
20. Die oplaag is reeds 'n geruime tyd ongeveer 500. Inligting verskaf deur mnr. D.J.J. Smith, Staatsargiefdiens.

21. I.R. SMITH, Reading history: the Boer War, *History Today* 34, Mei 1984, pp. 46-49.
22. Dit mag wees dat sedert hierdie studie begin is, sommige van die onderstaande onderwerpe wel aangepak is.
23. Kyk J.H. BREYTENBACH, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I-V*.
24. WESSELS, p. xiii.
25. Haupt se verhandeling laat nie ten volle reg geskied aan die Staatsartillerie se rol nie.
26. Kyk P. WARWICK, *Black people and the South African War 1899-1902*.
27. In die jare 1977-1986 het onder meer verskyn J.H. BREYTENBACH, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, IV-V*; T. PAKENHAM, *The Boer War*; P. WARWICK (red.), *The South African War: the Anglo-Boer War 1899-1902*; M.C.E. VAN SCHOOR, *Spotprente van die Anglo-Boereoorlog*; P. WARWICK, *Black people and the South African War 1899-1902*; E. LEE, *To the bitter end: a photographic history of the Boer War 1899-1902*; en F. PRETORIUS, *1899-1902: die Angloboereoorlog*. Verder het die Van Riebeeck-Vereniging E. Ross se *Diary of the siege of Mafeking October 1899 to May 1900* uitgegee, en die Afdeling Historiese Bronnestudie en Multidissiplinêre Navorsing van die RGN se Instituut vir Geskiedenisnavorsing het sewe bronnepublikasies oor die oorlog die lig laat sien, terwyl die *Christiaan de Wet-annale* 5 en 6 ook verskyn het.
28. Geccen van die werke wat in voetnoot 27 vermeld word, spruit voort uit nagraadse studie nie. In bylae I sal 'n aanduiding gevind word van die tesisse wat in die jare 1977-1986 gepubliseer is.

BYLAE I: SUID-AFRIKAANSE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE OOR DIE GESKIEDENIS
VAN DIE ANGLO-BOEREORLOG

(Die datum ná die tesis dui die jaar aan waarin die graad toegeken is. So ver as moontlik word aangedui in welke vorm en wanneer dié tesis wat gepubliseer is, die lig gesien het.)

BAKES, C.M. *Die Britse deurbraak aan die Benede-Tugela op Majubadag 1900.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1972. (Gepubliseer: Titel dieselfde. Pretoria: Sentrale Dokumentasiediens, S.A.W., 1973.)

BAKES, C.M. *Die militêre situasie aan die Benede-Tugela op die vooraand van die Britse deurbraak by Pietershoogte (26 Februarie 1900).* M.A., Universiteit van Pretoria, 1966. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 30(1), 1967.)

BARNARD, C.J. *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1969. (Gepubliseer: Titel dieselfde. Kaapstad: A.A. Balkema, 1970.)

BASSON, J.L. *Die slag van Paardeberg.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1972.

BOTHA, C.J.F. *Die krygsoptrede van Boer en Brit in Noordoos-Kaapland gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1900.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

BOTHA, H.J. *Die moord op Derdepoort, 25 November 1899. Nie-blankes in oorlogsdienste.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1966. (Gepubliseer: *Militaria* 1(2), 1969, pp. 3-98.)

BOTHA, J.P. *Die beleg van Mafeking tydens die Anglo-Boereoorlog.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1967.

BOTHMA, T. *The conciliation movement in the Cape Colony during the Anglo-Boer War, 1899-1902.* M.A., Universiteit van Kaapstad, 1974.

BREYTENBACH, A.E. *Die slag by Donkerhoek, 11-12 Junie 1900.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1980.

- BRIDGES, B.J. *The New South Wales Lancers and the Anglo-Boer War, 1899-1902.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1976.
- BROOS, E. *Die noordelike hooflaer in die distrikte Zoutpansberg, Waterberg en Rustenburg, vanaf die begin van die Tweede Vryheidsoorlog tot die besetting van Pretoria.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1943.
- BUYS, M.H. *Militêre regering in Transvaal, 1900-1902.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1973.
- CHANGUION, L.J.S. *Arbitrasie of bemiddeling? Die rol van die Verenigde State van Amerika in die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1982.
- CILLIERS, J.H. *Die slag van Spioenkop (24 Jan. 1900).* M.A., Universiteit van Pretoria, 1957. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 23(2), 1960.)
- CUTHBERTSON, G.C. *The nonconformist conscience and the South African War 1899-1902.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1986.
- DELPORT, P.J. *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1973.
- DU PREEZ, S.J. *Die Vrede van Vereeniging.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1986.
- DU PREEZ, S.J. *Vredes pogings gedurende die Anglo-Boereoorlog tot Maart 1901.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1977.
- ERASMUS, J.L.C. *Die ineenstorting van die Boeremagte aan die Natalse front.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1944.
- FERREIRA, H. *Die Nederlandse ambulanskorps in Suid-Afrika gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1982.

FOURIE, L.M. *Die militêre loopbaan van Manie Maritz tot aan die einde van die Anglo-Boereoorlog.* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1976.

GROBLER, F.J. *Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902).* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1960.

HATINGH, J.L. *Die Irenekonsentrasiekamp.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1966. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 30(1), 1967.)

JOUBERT, A. *Port Elizabeth tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* M.A., Universiteit van Port Elizabeth, 1985.

KRUGER, C.J.H. *Militêre bewind in die Oranje-Vrystaat Maart, 1900 - Januarie, 1901.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1958.

MACNAB, R.M. *Count de Villebois-Mareuil and the Anglo-Boer War, 1899-1900.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1981. (Gepubliseer: *The French Colonel: Villebois-Mareuil and the Boers 1899-1900.* Kaapstad: Oxford University Press, 1975. Ook in Afrikaans gepubliseer.)

MAPHALALÀ, S.J. *The participation of Zulus in the Anglo-Boer War.* M.A., Universiteit van Zoeloeland, 1979.

MOCKE, H.A. *Die slag van Colenso: 15 Desember 1899.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1967.

MOORE, D.M. *General Louis Botha's second expedition to Natal during the Anglo-Boer War, September-October 1901.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1978. (Gepubliseer: Titel dieselfde. Kaapstad: Historical Publication Society, 1979.)

OOSTHUIZEN, J. *Jacobus Hercules de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog.* D.Litt., Potchefstroomse Universiteitskollege, 1950.

OOSTHUIZEN, S.P.R. *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976.

OTTO, J.C. *Die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1948. (Gepubliseer: *Die konsentrasiekampe.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1954.)

PIENAAR, A.J. *Christiaan Roedolf de Wet in die Anglo-Boereoorlog.* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1975.

PRETORIUS, F. *Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1976. (Gepubliseer in M.C.E. VAN SCHOOR (red.), *Christiaan de Wet-annale 4*, Okt. 1976, pp. 1-220.)

PYPER, P.A. *Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902).* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1960.

RABIE, J.E. *'n Histories-kritiese ontleding van generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop.* M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1979. (Gepubliseer: *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop.* Pretoria: Sentrale Dokumentasiediens, S.A.W., 1980.)

ROOS, J.C. *Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899-Mei 1900.* D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1951.

ROOS, J.C. *"Het Transvaalsche Roode Kruis" gedurende die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1943.

SCHOLTZ, W.L. VON R. *Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1899-1902.* M.A., Randse Afrikaanse Universiteit, 1973.

SCHULTZ, B.G. *Die slag van Bergendal (Dalmanutha).* M.A., Universiteit van Pretoria, 1974.

SNYMAN, J.H. *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902.* D.Litt., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1974. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 42(2), 1979.)

SNYMAN, J.H. *Rebelle-verhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met spesiale verwysing na die militêre howe, 1899-1902.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1961. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 25, 1962.)

SPIES, S.B. *Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900 - May 1902.* D.Phil., Universiteit van die Witwatersrand, 1974. (Gepubliseer: *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics January 1900 - May 1902.* Kaapstad: Human en Rousseau, 1977.)

STRYDOM, C.J.S. *Die Kaapkolonie, 1899-1902: skadevergoeding en die rebelle in ere herstel.* Ph.D., Universiteit van Kaapstad, 1932. (Gepubliseer, in gewysigde vorm: *Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1937.)

STRYDOM, C.J.S. *Die verdediging van die noordwestelike grens van die Kolonie.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1929.

TERBLANCHE, H.J. *Die beleg van Kimberley.* M.A., Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1974.

THERON, B.M. *A social history of Pretoria during the first phase of the Anglo-Boer War, October 1899 - June 1900.* M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1985.

THERRODE, E.C. *The official attitude of France towards South Africa in the years of crisis, 1899-1902.* M.A., Universiteit van Kaapstad, 1973.

VAN AARDT, J.M.H. *Die aandeel van die Krugersdorpse kommando aan die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.* M.A., Potchefstroomse Universiteitskollege, 1951.

VAN DALSEN, J. *Die Hollander Korps tydens die Tweede Vryheidsoorlog.* M.A., Universiteit van Pretoria, 1943.

VAN NIEKERK, M. *Adolf Schiel en die Duitse Kommando*. M.A., Universiteit van Pretoria, 1949. (Gepubliseer: *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 14(2), 1951.)

VAN VREDEN, C. DE W. *Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog, 11 Oktober 1899 - 5 Junie 1900*. M.A., Universiteit van Pretoria, 1955.

VISSER, G.R. *Pres. M.T. Steyn in die Anglo-Boereoorlog*. M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977.

VIVIERS, J.M. *Die betrokkenheid van kommandant-generaal P.J. Joubert op die Natalse front tydens die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1900*. D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1981.

WESSELS, A. *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*. D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

ZÖLLNER, C.W. *Duitsland en die Tweede Vryheidsoorlog: die Duitse openbare mening soos weerspieël deur die politieke tydskrifte en die Duitse regeringsbeleid gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*. M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1968.

BYLAE II: VOORBEELDE VAN PROEFSKRIFTE WAT IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA OOR DIE ANGLO-BOEREORLOG VOLTOOI IS¹

ASHMAN, P.A.S. *Anti-war sentiment in Britain during the Boer War.* Ph.D., Saint Louis University, 1972.

AULD, J.W. *The pro-Boer liberals in Britain during the Boer War, 1899-1902.* Ph.D., Stanford University, 1970.

CAMPBELL, R.G. *Neutral rights and obligations in the Boer War.* Ph.D., The Johns Hopkins University, 1908.

FERGUSSON, J.H. *American diplomacy and the Boer War.* Ph.D., University of Pennsylvania, 1937.

FLYNN, J.F.M. *Rife with possibilities: the Irish Parliamentary Party and the South African War, 1899-1902.* Ph.D., Columbia University, 1970.

GOULART, N.O. *Backbencher against war: a rhetorical analysis of the parliamentary speaking of David Lloyd George during the Boer War.* Ph.D., Indiana University, 1982.

MOHLAMME, J.S. *Black people in the Boer republics during and in the aftermath of the South African War of 1899-1902.* Ph.D., The University of Wisconsin-Madison, 1985.

SIWUNDHLA, H.T. *The participation of Non-Europeans in the Anglo-Boer War, 1899-1902.* Ph.D., Claremont Graduate School, 1977.


STONE, J.C. *The Boer War and its effects on British military reform.* Ph.D., City University of New York, 1985.

SWEIG, M. *Origins of the Boer War, 1899-1902.* Ph.D., Georgetown University, 1957.

1. Bron: Intydse soektogte op verskeie databasisse deur middel van die Humaniora-inligtingsstelsel van die RGN se Sentrum vir Biblioteek- en Inligtingdienste.

FIGUUR I

Getal tesisse per universiteit



Doktorale proefskrifte (getal tussen hakies)

GETAL DOKTORALE PROEFSKRIFTE IN AFRIKAANS (A) EN ENGELS (E) EN GETAL
M.A.-VERHANDELINGE IN AFRIKAANS (a) EN ENGELS (e) PER UNIVERSITEIT PER JAAR

Jaartal	FU vir CHO	RAU	Universiteit van Kaapstad	UOVS	OPE	Universiteit van Pretoria	Universiteit van Suid-Afrika	Universiteit van die Witwatersrand	Universiteit van Zwaoland	Totaal per jaar
1929										1a
1930										
1931										
1932			A							1A
1933										
1934										
1935										
1936										
1937										
1938										
1939										
1940										
1941										
1942										
1943						aa	a			3a
1944						a				1a
1945										
1946										
1947										
1948						A				1A
1949						a				1a
1950	A									1A
1951	a						A			1A, 1a
1952										
1953										
1954										
1955						a				1a
1956										
1957						a				1a
1958						a				1a
1959	a									1a
1960	a									1a
1961							a			1a
1962										
1963										
1964										
1965										
1966						aaa				3a
1967						a	A			1A, 1a
1968				a						1a
1969							A			1A
1970										
1971										
1972						Aa				1A, 1a
1973		a	e	a		A				1A, 2a, 1e
1974	Aa		e			a		E		1A, 1a, 2a, 1e
1975	a									1a
1976	a			A		a	e			1A, 2a, 1e
1977				a		a				2a
1978							e			1e
1979				a				e		1a, 1e
1980							a			1a
1981				A			E			1A, 1E
1982				a			A			1A, 1a
1983										
1984										
1985					a		e			1a, 1e
1986				Aa		A	E			2A, 1E, 1a
1929-1986	2A, 6a	1a	1A, 2e	3A, 6a	1a	4A, 15a	4A, 2E, 4a, 3e	1E	1e	14A, 3E, 33a, 6e

BRONNELYS

Afgesien van die verhandelinge, proefskrifte en publikasies wat uit die tesse voortgespruit het, is die volgende bronne geraadpleeg:

I. VINDMIDDELS

HISTORICAL THESES on African subjects completed in Great Britain. *African Studies Bulletin* 4(3), Okt. 1961, pp. 1-9.

MALAN, S.I. (samesteller). *Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van Suid-Afrikaanse universiteite, 1942-1958* (en die daaropvolgende Aanvullings). Potchefstroom, 1959-1981.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. Instituut vir Navorsingsontwikkeling. Databasis vir lopende en voltooid navorsing in Suid-Afrika.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. Instituut vir Navorsingsontwikkeling. *Navorsingsbulletin* 1(1-10)-16(1-10), 1971-1986.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. Sentrum vir Biblioteek- en Inligtingdienste. Humaniora-inligtingsstelsel: intydse soektogte op verskeie databasisse.

UNIVERSITY OF LONDON. Institute for Historical Research. *Historical research for university degrees in the United Kingdom, List 29* (en die daaropvolgende Lists). Londen, 1948-1986.

VAN SCHOOR, M.C.E. (red.) en I. BREDEKAMP (samesteller). *Lys van proefskrifte en verhandelinge vir geskiedenis (tot 1976)*. [Bloemfontein], 1980.

II. WERKE OOR DIE ANGLO-BOEREORLOG

BREYTENBACH, J.H. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I-V*. Pretoria, 1969-1983.

- DANES, R. *Cassell's history of the Boer War, 1899-1901*. Londen, 1901.
- DOYLE, A.C. *The great Boer War*. Kaapstad, 1976. (Faksimilee herdruk.)
- KRÖLL, U. *Die internationale Buren-Agitation 1899-1902: Haltung der Öffentlichkeit und Agitation zugunsten der Buren in Deutschland, Frankreich und den Niederlanden während des Burenkrieges*. München, 1973.
- LEE, E. *To the bitter end: a photographic history of the Boer War 1899-1902*. Harmondsworth, 1985.
- PAKENHAM, T. *The Boer War*. Londen, 1979.
- PENNING, L. *De oorlog in Zuid-Afrika: de strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-Republieken Transvaal en Oranje-Vrijstaat, in zijn verloop geschetst I-III*. Rotterdam, 1899 (I), 1901 (II) en s.j. (III).
- PRETORIUS, F. *1899-1902: die Angloboereoorlog*. Kaapstad, 1985.
- ROSS, E. *Diary of the siege of Mafeking October 1899 to May 1900*. (red. B.P. Willan). Kaapstad, 1980.
- SCHOLTZ, W.L. VON R. *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*. D.Litt., Universiteit van Leiden, 1978.
- VAN SCHOOR, M.C.E. *Spotprente van die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad, 1981.
- VAN SCHOOR, M.C.E. (red.). *Christiaan de Wet-annale 5 en 6*. Bloemfontein, 1978 en 1984.
- WARWICK, P. *Black people and the South African War 1899-1902*. Cambridge, 1983.
- WARWICK, P. (red.). *The South African War: the Anglo-Boer War 1899-1902*. Harlow, 1980.

III. ANDER GERAADPLEEGDE WERKE

SCHOLTZ, P.L. *Streekgeskiedenis - 'n fascinerende mikrokosmos* (Publikasie-reeks A26 van die Universiteit van Wes-Kaapland). Bellville, 1978.

SMITH, I.R. Reading history: the Boer War. *History Today* 34, Mei 1984, pp. 46-49.

IV. ONDERHOUDE

VAN SCHOOR, prof. M.C.E.: Bloemfontein, 1987.03.06.

RGN-PUBLIKASIELYS **

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere Instituut van die RGN kan van die Hoof: Tegnieese Dienste verkry word.

Doc no 168579

copy no 168580

